

Paulus en sy gode

Ek skop dadelik af met vrae rondom die omstrede man.

Waar kom Paulus se ewe-skielike verskyning in die Skrifte? Hoekom was daar nie van hom voorspel deur die profete in die ou Verbond tydperk nie? Het ons VADER of Seun genoem dat daar 'n Paulus karakter sou kom in die tydperk na die Hemelvaart om die evangelie te verkondig? Ek weet wel oor waarskuwings soos in: *Joh. 5:43 Ek het gekom in die Naam van My VADER, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.*

Waarom die verskillende gebeure tot roeping op die Damaskus pad?

(1) *Hand. 9:3,4,7 En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; :4 en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?:7 En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie. (2) Hand. 22:9 En die wat saam met my was, het wel die lig gesien en bang geword, maar die stem van Hom wat met my gespreek het, nie gehoor nie. Hand. 26:14 En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.*

Wat interessant is waarom sou YAHUSHA 3 jaar aan Sy 12 dissipels afstaan tot lering oor die evangelie van die Koninkryk, maar besluit om Paulus te stuur sonder direkte lering van Hom? Was die dissipels te eenvoudig en ongeleerd?

Toe Paulus begin preek onder die volk, waarom die teensinnigheid van die volk teenoor hom? Was dit dalk omrede hy 'n ander evangelie verkondig? Waarom verander hy sy naam van Saulus na Paulus? Het hy 'n agenda gehad?

In Matt.15:12-14 en 23:31-33 bevestig YAHUSHA dat die Fariseërs slange en 'n geslag van adders is en dat hulle nie VADER se geskape wesens was nie (*Ha satans kinders Gen.3:15*).

Paulus aan die ander kant gee hy sy identiteit in Hand. 22:27,28 nl.: Dat hy Romeinse burger is deur geboorte. In Hand.22:3 dat hy 'n Jood is, gebore in Tarsus in Cilicië (*dus 'n Romein*) opgevoed is deur Gamaliël volgens hulle / die voorvaderlike wet. Nou Gamaliël was 'n Talmoediese leermeester (*bevestig deur Rabbi Louis Finkelstein*). Dus 'n leermeester van Judaïsme (Fariseër) wat direk teenoor YAHUSHA se lering gestaan het.

In 2 Tim 1:3 erken Paulus “n “god” wat hy van sy voorouers al af dien. Dus kan dit nie dié VADER van YAHUSHA wees nie, wat hy is “n Romein van geboorte, Fariseër, ens. Ek glo daar hoef nie baie gewonder te word wat in Joh.5:43 staan oor die VADER se Seun aanneming nie.

Volgens Hand.21:28 was Paulus nog steeds vyandig teenoor die volgers van YAHUSHA. In vers 30 het hulle hom uit die tempel gesleep weens sy haat spraak.

Hoor die verwaandheid van Paulus is Gal.4:14: *julle het my (Paulus) ontvang as “n engel (boodskapper) van God VADER, ja, as Christus J*sus dié Nasaréner YAHUSHA* . Gal.1:15,16: *...toe dit God VADER behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur SY genade guns geroep het om SY Seun in my te openbaar...* Nêrens lees ek dat die apostels sulke gemene woorde uitgespreek het nie.

In 1 Kor.4:16 vermaan hy die volk om sy navolgers te word. Paulus noem in Rom.2:16 dat “*volgens my evangelie*” dus deur sy evangelie die verborge dinge sal openbaar word. In Tim.1:11; 2 Tim 2:8 bevestig hy dit weer dat hy die evangelie draer is. As mens 1 Tim.1:20 en 1 Kor.5:3-5 lees sien jy die samewerking tussen Paulus en Ha satan, want hy ‘Paulus’ gee gereeld siele aan Ha satan dat Ha satan hulle kan straf. Dink hy vir een oomblik dat Ha satan terug sal gee as hy ontvang het? Kyk ook in die verse dat hy sy gees saam met die krag van YAHUSHA stel!

In 1 Kor.4:15 noem hy dat hy nou “die vader” geword het in YAHUSHA! In Kol.1:25 sê die verwaande ‘Paulus’ deur die bediening het hy VADER se Woord vervul! Dus sien hy YAHUSHA oor die hoof. Hy sê in Fil.4:9:...wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het,

Wat probeer Paulus nou hier vir ons wegsteek in Titus.3:9. *...vermy dwase strydvræ en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos!* Wat sê YAH in 2 Kor.31:18, 20 oor die saak: *En hulle moes in die geslagsregister opgeneem word met al hulle kindertjies, hul vroue en hul seuns en hul dogters, ... : 20.En so het Jehiskia in die hele Juda gedoen: hy het gedoen wat goed en reg en trou was voor die aangesig van die HERE YAH sy God Skepper.*

Hoor die vermetelheid van Paulus in 2 Kor.13:4: *Want al is Hy (YAHUSHA) gekruisig (gefolter) in Swakheid, lewe Hy tog uit krag van God VADER.* Hoe kan die man sê dat YAHUSHA in ‘swakheid’ gefolter was. Is dit nie die teenoorgestelde nie?

Kyk na die interpretasie van Paulus is Gal.5:14: *Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.* Dit is die teenoorgestelde wat in Matt. 22:37-40 staan nl.: *En ~~J*sus~~-YAHUSHA antwoord hom: Jy moet ~~die Here~~-YAH jou ~~God~~ Skepper liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. :38 Dit is die eerste en groot gebod. :39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. :40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.* Hy laat die 'VADER' uit! Aspris laat die man uit en in soos dit hom behaag. Kyk na die volgende uitlating in Rom.13:8 en 9:8 *Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander lief het, het die wet vervul. :9 Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

Hierdie verse moet eintlik lees soos dit staan in Lev 19:18 *Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is ~~die HERE~~-YAH.*

Wat wel opgelet moet word, is dat Paulus aspris sekere gebooie uitlaat:

Hier is die gebooie:

(1) Geen ander gode voor MY aangesig (2) Geen beelde van die gode (3) Geen ydellik gebruik van YAH se Naam nie (4) Gedenk die Shabbat (5) Eer jou vader en moeder (6) Jy mag nie doodslaan nie (7) Jy mag nie verbaster nie (8) Jy mag nie steel nie (9) Geen valse getuienis teen jou naaste nie (10) Geen begeerte oor en van jou naaste nie.

Hy laat dus al die gebooie uit oor VADER self, tog sê hy dat die wet vervul is wat hy deurgee. In 2 Tim.3:16 kom 'n baie groot antwoord in om Paulus te regverdig om sy valshede in die Skrif in te bring: *2Ti 3:16 Die hele Skrif is deur ~~God~~ VADER ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid. :17 sodat die mens van ~~God~~-VADER volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*

Eerstes moet ons weet dat Paulus gepraat het van die Ou Verbond, want hy het die uitlating neergepen so 65 jaar na ons Koning YAHUSHA. Die volgende besef is dat hy uitlig dat die Ou Verbonde, Wette en insette daar is tot weerlegging. Ons kan dus dit verander soos dit die mode en omstandigheid dit behaag. Waar is YAHUSHA se woorde soos dit staan in: *Matt. 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Jak. 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die VADER van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.*

Nou hier is my omstrede antwoord oor Paulus.

Toe ons met Paulus te doen kry in die Skrifte was hy reeds 'n grootman. Dus het hy groot geword (Tarsus) tussen mede Romeine en hulle geloof (*Ook te doen gekry met die Griekse geloof van daardie tyd*). Die Romeine het 'n klomp verskillende gode gehad waarvan hulle tot vandag gevind word in dag, maand en jaar name. Hulle het dus buite die Skrif van die *Yashar'EL* die tyd en tye benaam met hulle gode waarvan VADER of YAHUSHA nie in is nie. Aan die ander kant het die Grieke se gode 'n vervulling ontvang met hulle gode soos: pa = Cronus, ma= Rhea en seuns = Zeus (*god van die hemelruim*) Poseidon (*god van die see*); Hades (*god van die onderwêreld*)

Paulus wat gebore en grootgeword het tussen die Romeinse (*en Griekse*) gode het hy goed geken (*Tog het hy ook geweet dat die Yashar'EL geloof verskillend was*) daarom die drie in een god soos die pa, ma en seun gode. Paulus het ook kennis gedra van die gode van Skandinawië of die Noorse (*Noorweë, Swede, Denemarke, Finland, Ysland waar Duitsland se voorsate lê*). Hulle het ook 'n pa god wat Osiris was, en man van Isis die moeder van Horus die seun (*later Ammon Ra en Anubis wat Osiris verteenwoordig*). So kan ons nog gode uithaal waar daar 'n drie eenheid bestaan het in hulle geloof soos: Nimrod Semiramis en Tammus (*waarvan hy bewus was*).

Nou hier kom hy tussen die uitverkore volk wat 'n groot vervulling was in sy geloof-sienings. Eers het hy bedreig gevoel oor die "geloof" siening wat hy oorkant die waters te doen mee gehad het en dit nou weer sien (*wat baie dieselfde is en tog so vêr*). Eers kon Paulus nie verstaan dat hulle so wederstrewig was teenoor hulle eie siening, en dat hulle YAHUSHA verwerp het. Hy ken die 'n Pa, ma en seun (*vader, seun en heilige gees*) geloof en weet hoe dit werk wat hy in Judea by die *Yashar'EL* bespeur. Eers wou hy dit probeer stop / doodmaak en sien dat dit nie sou werk nie. Hy assimileer die "geloof-sienings" en maak dit Rome / Rooms-Katoliek syne. In die plek van sy vader plaas hy die *Yashar'EL* se "VADER" In die plek van die seun plaas hy J*sus en so maak hy toe die "ma" die gees faktor. Met die vergelykings kan die arme *Yashar'EL* nie die verskil sien nie, want sy gode is versteek in die "nuwe" gode. Hy het geen probleem gehad of gesien om dit so deur te gee nie, want as 'n Romein (*met so baie gode*) het hy 'n oplossing gekry om die meer gode aanbidding te stop, of moet ek noem dat dit nou die vervulling van sy geloof struikeling.

Met afsluiting gaan ek die gode van Paulus openbaar en so ook die Skeppers van die uitverkore volk.

Wat onthou moet word is dat Paulus nie grootgeword het met die Tora nie (*die eerste vyf boeke van Moses*). Hy het van kindsbeen nie die Tora bestudeer of geleer by sy ouers of leermeesters nie. Al was hy 6 of 7 talle magtig, was hy 'n Romein met hulle gode en gewoontes. Elke dag wanneer 'n Romein sy oë oopmaak groet hy 'n songod wat voorlê vir die dag en bedank 'n maan god vir die nag wat verby is, want dit is twee entiteite wat met die oog gesien kan word (*Hulle kan nagespeur, ondersoek en waardeur word*). Daar kan van hulle afbeeldings gemaak word dat hulle gode verering kan ontvang.

Wat nou wel 'n probleem was, wie beskerm en kyk na hulle gedurende die dag en nag. Om daardie leemte te vervul moes hulle groot en sterk karakters inbring sodat oorlewing daar kan wees. Dus het hulle op elke hoek en draai afbeeldsels gemaak van groot karakters in hulle verlede soos die god van donder, reën, haal, kos, water, liefde, haat, oorlog, seks, dood, ens. Hulle het op strate elke dag vir 'n god wierook laat opgaan. Hulle predikers het met 'n wierook skotteltjie in die strate rondgehoop en die skotteltjie geswaai en na almal op straat geloop. So het hulle geld ingesamel sodat hulle aanbidding plekke altyd skatryk was van allerhande goud en smaragde.

Om tot konklusie te kom oor die Romeins drie gode is: Hulle het 'n fisiese pa god wat die son is en 'n ma god wat die maan is. Wat die gees god aanbetref is hy op verdeel in die gedagte wêreld of kom ons noem dit prontuit "die god van die natuur" (Natuurwette).

Nou hier kom Paulus (as grootmens) tussen die geleerdes van die Tora oorkant die Middellands see te doen. Hy sien die verdeeldheid onder hulle weens die groot konsternasie wat ontketen het weens YAHUSHA se evangelie verkondiging. Paulus het toe tot sy skok besef dat hy met die ware "Gode" te doen het. Hy het behoorlik gespook en spartel om die "nuwe" gedagte te assimileer (*Wat onthou moet word, is dat die Yashar'EL aan geen geloof behoort het nie, maar slegs aan YAH. Hulle aanbid plek was die tempel waarvan baie vêr moes loop om daar uit te kom. Die tempel was ook wel die plek waar die perkamentrolle gebêre was, dus was dit ook hulle 'biblioteek'*). Hy stig 'n alliansie met die skrifgeleerdes. Ons ken die alliansie as "Christenskap" (*Doen asb. naslaanwerk {as jy my nie glo nie} oor die eerste oorgeskrewe skrifte of die Roomse gode name daarin was*).

Met oortuiging kan ek nou noem dat Paulus se gode nie ons VADER en Seun 'sin' is nie. Paulus (*met Apollis sy meerdere en meester*) het toe 'n kompromie aangegaan met die Jode (*wat die Fariseërs, Sadduseërs en Skrifgeleerdes was*) dat hulle "Gode" deur die Romeins "Gode" geassimileer moet word. Ek herhaal die alliansie as "Christenskap".

Om die VADER en Seun van die *Yashar'EL* uit te wys moet ons slegs na 'n paar verse gaan om uit te wys dat Hulle as "Opperhowe" nie die ander volke se 'gode' is nie. Ons VADER van Abram, Isak en Jakob het hulle uitverkies bo al die volke op aarde as SY eiendoms volk (*Ons moet nie fout maak om te dink dat daar gode is wat enige dank aan verskuldig is nie. Daar is geen ander Skepper bo en behalwe YAH nie*).

Deut. 4:37 En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle nageslag na hulle uitverkies het, en Hy self jou deur SY grote krag uit Egipte uitgelei het, 7:6 Want jy is 'n volk heilig afgesonder aan die HERE VADER jou God Skepper; jou het die HERE VADER jou God Skepper uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, SY eiendoms volk te wees. 7:7 Die HERE VADER het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.: 10:15 Maar net aan jou vaders het die HERE VADER 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is. 14:2 Want jy is 'n volk heilig afgesonder aan die HERE VADER jou God Skepper, en jou het die HERE VADER uitverkies om SY eiendoms volk te wees uit al die volke wat op die aarde is.

Jes. 41:8 Maar jy, Israel Yashar'EL, My kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, My vriend, :9 jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is My kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. :8 Maar jy, Israel Yashar'EL, My kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, My vriend, :9 jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is My kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. :11 So sê die HERE VADER die Heilige Afgesonderde van Israel Yashar'EL en Sy Formeerder: Vra My aangaande die toekomstige dinge; vertrou My seuns en die werk van My hande aan My toe!

Eseg. 20:5 en sê aan hulle: So spreek die Here HERE VADER van die Leërskaar: Die dag toe Ek Israel Yashar'EL uitverkies het, het Ek My hand opgehef vir die geslag van die huis van Jakob en My aan hulle bekend gemaak in Egipteland; ja, Ek het My hand vir hulle opgehef en gesê: Ek is die HERE VADER julle God Skepper.

Met die boonste verse kon Paulus geen ander volk op aarde daarby insluit as die uitverkore volk nie. Paulus kon nie die ware VADER Seun begrip verduidelik aan die volk nie, maar wel die gode begrip wat hy gehad het van kindsbeen daarom hang so baie aan sy lippe “die wyse man” (*Die Jode het wel sy verduidelik dadelik begryp en die Roomse geloof hulle sin gemaak*).

Net in kort verduidelik oor dié VADER en Seun van *Yashar'EL*. In Ex. 3:14 Staan: *En God Skepper sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel Yashar'EL antwoord: EK IS het my na julle gestuur.*

Let op wat daar staan in “*Ek is*” en in “*wat*” Dis in der waarheid nie wat daar staan nie, want as Moses hoor “*Ek is*” kon hy nie vir die volk sê “*Ek is*” het gesê nie, maar eerder “*Hy is*” Daar staan H 1961 hâyâh H 834 âsher H1961 hâyâh.

As ons *Open. 1:8; (22:13) Lees: gee dit ons “n groter openbaring: Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde ..., wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.* Dus beteken “hâyâh” nie “*Ek is*” nie, maar “*begin en einde*” “*wat was en wat kom*” m.a.w. “n baie groter gedagte.

Toe Moses die opdrag ontvang het, was daar net Egiptiese (*Paulus*) gode. Hulle gode het bestaan deur inkankingering in vlieë, paddas, sprinkane, ens. Dit is juis daardie gode wat YAH aangevat het met die 10 plae om uit te wys dat hulle geïnkarneerde gode eindelik nie bestaan nie (*Dit wat die mens / Ha satan gebruik / misbruik behoort tog aan VADER*).

Met die leer sien ons dat die *Yashar'EL* saam met die Egiptenaars net allerhande gode geken en gedien het, daarom die vraag van Moses: Watter “*God*” moet ek aan hulle bekend maak, en wat is Sy Naam. Nou hier is die groot onderskeid wat die wêreld (*Paulus*) en uitverkore volkere aanbetref: YAH het met “hâyâh” vir die volk deurgee wat HY was vir hulle, wat HY nog steeds is vir hulle, en wat HY gaan wees vir hulle in die toekoms. HY het vir hulle genoem in H1961 היה “hâyâh” dat hulle (*dié uitverkore*) “SYNE” is.

In klompie verse oor dié VADER en Seun:

Matt. 11:27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.

*Joh. 14:6 J*sus-YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.* Dit is die direkte woorde van YAHUSHA aan die uitverkore volk.

YAHUSHA as “Engel / BoodsAPPER” van VADER in die ou Verbond tyd.

Gen. 16:10 Verder sê die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER vir haar: Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder, sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie. Let op dat die “BoodsAPPER” spreek en noem dat “Hy” die nageslag sal vermeerder.

Gen. 21:17 Toe hoor ~~God~~ Skeppers die stem van die seun, en die ~~Engel~~ BoodsAPPER van ~~God~~ Skepper het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want ~~God~~ Skepper het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is. Let op dat die BoodsAPPER spreek nie VADER nie. Gen.22:11,15.

Gen. 31:11 En die ~~Engel~~ BoodsAPPER van ~~God~~ VADER sê vir my in die droom: Jakob! En ek antwoord: Hier is ek! :12 En Hy sê: Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want Ek het alles gesien wat Laban jou aandoen. :13 Ek is die ~~God~~ Skepper van Bet-el waar jy die gedenksteen gesalf het, waar jy aan My ‘n gelofte gedoen het. Maak jou dan nou klaar, trek weg uit hierdie land en gaan terug na jou geboorteland. Let op dat die BoodsAPPER van VADER Praat.

Ex. 3:2 Daarop verskyn die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! Let op dat dit nie VADER is wat spreek nie.

Ex. 3:13 Hierop het Moses tot ~~God~~ Skeppers gesprek: Maar as ek by die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL kom en aan hulle sê: Die ~~God~~ Skepper van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord? :14 En ~~God~~ Skepper sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL antwoord: EK IS het my na julle gestuur. Die BoodsAPPER van VADER noem aan Moses dat Hy H1961 יהיה “hâyâh” is. “Ek is julle Skepper” Julle was, is en gaan altyd My uitverkore volk wees (Geskenk deur VADER).

Hier kom die BoodsAPPER van VADER, veg en beskerm Sy volk.

Ex. 14:19 En die ~~Engel~~ BoodsAPPER van ~~God~~ Skepper wat voor die leër van ~~Israel~~ Yashar’EL uit getrek het,

Ex. 23:20 Kyk, Ek stuur ‘n ~~Engel~~ BoodsAPPER voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.

Ex. 23:23 Want My ~~Engel~~ BoodsAPPER sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriëte en Hetiëte en Feresiëte en Kanaäniete, vernietig.

Num. 20:16 Toe het ons die ~~HERE~~ VADER aangeroop, en Hy het ons stem gehoor: Hy het ‘n ~~Engel~~ BoodsAPPER gestuur en ons uit Egipte uitgelei...

Num. 22:22 Maar die toorn van ~~God~~ Skepper het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER het gaan staan in die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.

Rug. 2:1 Toe trek die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal My verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie; Let op dat dié BoodsAPPER 'n verbond aangegaan het met ons voorvaders.

Rug. 2:4 En terwyl die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER met hierdie woorde al die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL toespreek, het die volk hulle stem verhef en geweën; Let op die BoodsAPPER spreek.

Rug. 5:23 Vloek Meros, sê die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER; ja, vervloek sy inwoners, omdat hulle die ~~HERE~~ VADER nie tot hulp gekom het nie, die ~~HERE~~ VADER tot hulp onder die helde. Wat opgelet moet word, is dat die BoodsAPPER net die Tussenganger is, tussen VADER en die volk.

Rug. 6:11 Toe het die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER gekom en gaan sit onder die terpentynboom wat by Ofra staan,.....

Rug. 6:22 Toe Gideon bemerk dat dit die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER was, sê Gideon: Ag, ~~Here~~ ~~HERE~~ VADER van die LeërsKARE ! want ek het die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER gesien van aangesig tot aangesig! Niemand mag VADER van aangesig aanskou en bestaan nie, maar wel die BoodsAPPER . Ps.34:8; 35:5, 6; 63:9; Jes. 63:9; Hos. 12:5

Sag. 1:11 Daarop het hulle die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER, wat tussen die mirtebome gestaan het, toegesprek en gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig.

Sag. 1:12 Daarop het die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die ~~HERE~~ VADER aangehef en gesê: ~~HERE~~ VADER van die leërsKARE, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoornd was? Hier tree die BoodsAPPER in vir die volk en pleit dat VADER Sy volk in guns moet aansien. Lees Sag.3; 12:8

Mal. 3:1 Kyk, Ek stuur MY BoodsAPPER wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na Sy tempel kom die ~~Here~~ YAH na wie julle soek, naamlik die ~~Engel~~ BoodsAPPER van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die ~~HERE~~ VADER van die leërsKARE. Hoor die groot deurdringende woorde van die vers: Dié "BoodsAPPER" na wie ons begeerte is, kyk Hy kom.

Jes. 63:11 Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, ...Waar is Hy wat Sy ~~Heilige~~ Reine Gees in hulle midde gegee het? :14 Soos vee wat aftrek in die laagte, het die Gees van die ~~HERE~~ VADER hulle na die rus gelei. Só het U u volk gelei, om vir U 'n ~~heerlike~~ lofwaardige Naam te maak. Let op dat die "Gees" van VADER wel ook die "BoodsAPPER" is.

Joh. 7:39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die ~~Heilige~~ Reine Gees was daar nog nie, omdat ~~Jesus~~ YAHUSHA nog nie verheerlik was nie. Let op dat YAHUSHA dié Reine Gees was.

Joh. 14:26 maar die Trooster, die ~~Heilige~~ Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Die VADER stuur nie "n derde Wese nie, maar SY enige Seun.

Joh. 20:22 En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die ~~Heilige~~ Reine Gees. Hoor julle die antwoord van die vers van bo? Dié Ruach ha qodesh / dié Krag binne die asem wat van VADER kom blaas Hy oor hulle.

Hand. 2:4 En hulle is almal vervul met die ~~Heilige~~ Reine Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Hand. 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van ~~God~~ VADER verhoog is en van die VADER die belofte van die ~~Heilige~~ Reine Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor. *2Kron. 7:14; Jer. 14:9; Matt. 21:9* Let op YAHUSHA het ontvang en uitgestort. Daar het nie ewe skielik 'n ander Wese ingetree nie.

Hoor en verstaan julle die klomp gelese verse? Die "Boodskapper" is YAH / YAHUSHA. YAH in die ou Verbond, YAHUSHA in die "nuwe Verbond"
Ex.3:15 nl: "Ek is" wat ek is. יהוה Let nou mooi op na die figure onder.

יה = "YAH" of "YH" wat EK IS beteken.

יהו = beteken "EWIG LEWENDE EEN"

יהוה = beteken "EK IS DIE EWIG LEWENDE EEN" (YAH)

יהושע = beteken "EK IS - JOU- LOSSER" (YAHUSHA)

יה YH die Seun, יהו WH kan ook die VADER deurgee

יה **Seun** ~~~~~ יהו **VADER** ~~~~~ ישע **Losser**

י YOD (Y) is die kleinste alfabet letter wat baie bedrieglik kan wees en wat krag beteken.

ה HEI (H) wees gewaarsku

ו VAV (W) hak of pen. Die penne wat die tabernakel in plek gehou het.

ה HEI (H) Let op die omgekeerde YOD

ע Ayin is die oog of fontein. Daar is 4 fonteine op die liggaam: oog, mond, neus en vel. Die oog reflekteer dit wat hy sien tot openbaring binne-in jou
Matt. 6:22,23 (lag of huil)

ש Shin: tand of skerpe uit die mond kom skerpe woorde wat opbou of afbreek

ד Dalet: Deur of 'n skarnier waaraan die deur hang. Die weg is deur die deur. Die laaste ע Ayin ש: Shin kan jy sien wie YAHUSHA werklik is. Hy het in dit gekom wat werklik sin maak.

In die NAAM van VADER het die Seun Lofwaardigheid ontvang. Joh.12:38. Ek het gekom in die NAAM van My VADER, daarom is dit YAHUSHA. Ons moet deur YAH – SHA (YAH-U-SHA) aanbid Deut.6:4,5;

Mense al die volkere roep ‘n universele god aan. Hetsy die Boeddhis, Jood, Moslem, Hindoe, ens. het nie dieselfde Formeerder as die *Yashar’EL* nie. *Joh. 14:28 Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na My VADER, omdat My VADER groter is as Ek.*

Ek sluit met die woorde wat slegs Paulus uitgespreek het nl.: “ken te dele”. Nêrens in die Skrif spreek enige profeet, Leviet of dissipel dat hy net gedeeltelik ken of uitgespreek het nie. Dit beteken dat Paulus (*1 Kor. 13:9 Want ons slegs geken het wat hy gelees en geleer het by andere (hy Paulus ken ten dele en profeteer ten dele)*). Hy was gou om die mens rondom hom te oordeel en sleg te maak en hulle te beskuldig dat hulle ten dele ken (*omrede hy nie die waarheid geken het nie ja*). In *1 Kor. 13:12* Staan: *Want nou sien ons (hy) deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.* Kyk wat staan in: *Jak. 1:23 staan: Want as iemand ‘n hoorder van die woord is en nie ‘n dader nie, dié is soos ‘n man wat sy natuurlike gesig in ‘n spieël sien;* Lees julle dit? Paulus is “n man wat nie verstaan nie, want hy sien alles in “n raaisel raak. Hy raai, raai uit die ou verbond en interpreteer dit so deur tot die uitverkore van YAH!

Ek sluit met *2Pe 3:15,16 En ag die lankmoedigheid van onse Here Meester as saligheid redding, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, :16 net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.* Hoor jy Petrus se bedoeling? Met irritasie lig hy Paulus uit wat ‘n probleem is weens sy slim en slinksheid. Duidelik noem Petrus dat Paulus die ou Verbond aanhaal en verdraai tot baie se verderf. *Matt. 11:25* staan:.. *dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense (Paulus en sy aanhangers) en dit aan kindertjies geopenbaar het.*

Bedink al die Skriftelike uitwysings en gaan ondersoek self. Andries Pretorius het Paulus se boeke vasgebind met “n lint om dit nie te lees nie, hoekom? Watter Formeerder het hy aangeroop die dag van Bloedrivier? Ek sluit om dankie te sê aan André R Frylinck en Ben Maree vir belangrike punte wat ek uit hulle studie werke kon kry rondom Paulus, die wyse man.